Week 10 (12-16 Julie 2020)

Afrikaans Gr. 4

Taalstrukture en – konvensies

Homofone/Homonieme

Onderstreep die korrekte verwarrende woord :

1. My (klere/kleure) is nuut.
2. Haar gunstelling gereg is enigiets met (reis/rys).
3. My ma se (vel/fel) het lekker gebrand in die son.
4. Draai die (bout/boud) styf in hoor.
5. Die luiperd is ‘n pragtige (duur/dier).

Idiome

Gee die betekenis van elke idioom.

1. Eet met lang tande –
2. Tou opgooi –

Sinonieme/Antonieme

Voltooi die volgende:

Sinonieme

Bang	
Gratis	
Gou	
Praat	

Antonieme

Op	
Warm	
Lig	
Lag	

Meervoud/verkleining

Voltooi die table

Woord	**Meervoud**	**Verkleining**
Bord	Borde	Bordjie
Vrou		
Kind		
Som		Sommetjie
Boom		
Boer		

Lees die volgende fable en beantwoord die vrae:

Lees nou die volgende storie en beantwoord die vrae.

Die prinses en die padda

Eendag, lank gelede, was daar 'n prinses. Sy het 'n goue bal gehad. Elke dag het sy met die bal by die dam gespeel. Eendag val die bal in die dam.

"My bal is weg!" huil die prinses.

Skielik sê 'n padda vir haar. "Toe maar, moenie huil nie. Ek sal jou bal kry, maar dan wil ek saam met jou eet en saam met jou speel."

"Goed, jy kan," sê die prinses.

Die padda gaan haal haar goue bal in die dam.

"Dankie," sê die prinses bly.

Die padda gaan saam met die prinses na die kasteel toe. Hy eet saam met haar uit haar goue bord. Hy speel elke dag met haar.



Die prinses raak lief vir die padda. Op 'n dag gee sy hom 'n soen. Woeps! verander die padda in 'n prins. Die prinses is baie bly.

Die prins en prinses het getrou. Hulle het vir altyd gelukkig saamgewoon.

Skryf die regte woord vir die prentjie om 'n opsomming van die storie te maak. (7)

Die prinses speel met die 1 _____.

Die bal val in die 2 _____.

Die padda gaan saam met die prinses na die _____ toe. 3 _____

Die prinses soen die 4 _____.

Die padda verander in 'n 5 _____.

Die _____ en die _____ trou.

6 _____ 7 _____

Vrae:

1. Wat was die **kleur** van die prinses se bal? (1)

_____

2. **Waar** het sy met die bal gespeel? (1)

_____

3. **Hoekom** het die prinses **gehuil**? (1)

_____

4. Wat sê die **padda** vir haar nadat haar bal weg is? (1)

_____

_____

5. Sê of die volgende sin **waar** of **onwaar** is: (1)

   1. Op 'n dag gee die prinses vir die padda 'n drukkie.

   _____

6. Wat het gebeur toe die prinses die padda **soen**? (1)

_____

7. Sal jy ooit 'n padda soen? Waarom sê jy so? (2)

_____

8. Vertel nou die storie in die **regte volgorde**: (6)

   1. Die bal val in die water.
   2. Die padda gaan saam met die prinses kasteel toe.
   3. Die prinses en die prins trou uiteindelik.
   4. Die prinses speel met die bal by die dam.
   5. Die padda gaan haal die bal vir die prinses.
   6. Die prinses soen die padda en hy verander in 'n prins.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____